# Versnelde Sukses: Motivering

**Eduan Els 29/07/ 2018**

## Hoe kan ons gemotiveerd bly?

**1. ONS MOET OPPOSISIE VERWAG**

**Nehemia 2:10 "Maar toe Sanballat die Goroniet en Tobija die Ammonitiese amptenaar van my aankoms te hore kom, was hulle baie kwaad dat iemand van plan was om die Israeliete te help."**

**Matteus 16:18 "Ek verklaar nou vir jou: 'Jy is Petrus. Op hierdie rots sal Ek my kerk oprig, en al die magte van die doderyk sal dit nie oorwin nie."**

**1.1.** God wil hê dat ons moet slaag, maar die vyand gaan ons sukses teen staan. Ons moet aanvaar dat daar opposisie in ons lewe gaan wees.

**1 Korintiërs 16:8-9 "want hier staan nou 'n wye deur vir my oop en daar is baie mense wat op die evangelie reageer. Daar is egter ook baie teenstanders. Intussen bly ek in Efese tot Pinkster"**

**1.2.** Daar is geen geleentheid sonder opposisie nie.

**Romeine 8:31 "Wat sal ons dan van al hierdie wonderlike dinge sê? As God aan ons kant is, wie kan ooit téén ons wees?"**

**2. ONS MOET GOD SE TYDSBEREKENING VERTROU**

**Pred. 8: 6 "Daar is 'n regte tyd en 'n regte manier om alles te doen."**

**2.1.** Iets wat waardevol is, is die moeite werd om voor te wag.

**Jakobus 1:2-4 "My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef. Julle moet die Here toelaat om julle deur hierdie dinge te leer wat dit beteken om altyd net op Hom te vertrou, kom wat wil. So sal julle geestelike grootmense word wat weet hoe om in elke situasie reg op te tree."**

**2.2.** Dit is nie lekker om te wag nie, maar die regte tydsberekening is belangrik.

3. **ONS MOET DIE FEITE KRY**

**Nehemia 2:11-13 "het ek en ’n paar ander mense in die nag uitgesluip. Ek het toe nog vir niemand vertel van die planne wat God oor Jerusalem in my wakker gemaak het nie. Ons het geen pakdiere saam met ons gevat nie, behalwe die donkie waarop ek gery het. Drie dae ná my aankoms in Jerusalem Dié nag het ek by die Valleipoort uitgegaan, verby die Jakkalsfontein tot by die Mispoort. Ek het die beskadigde mure van Jerusalem en die afgebrande hekke gaan ondersoek."**

**3.1.** Feite stel ons in staat om te bepaal waar ons staan, en waarvoor ons God moet vertrou.
**3.2.** ‘n Plan skep sekuriteit.

**Spreuke 13:16 "‘n Verstandige mens dink voor hy iets doen. Dwase mense verkondig hulle dwaasheid aan die wêreld."**

4. **ONS MOET SEKER MAAK OF DIT GENADE OF GIERIGHEID IS WAT ONS MOTIVEER.**

**Jakobus 3:14-17 "As julle bitter jaloers is en selfsugtige ambisie in julle harte het, moenie dan spog dat julle wysheid het nie. Dis om teen die waarheid in te lieg! Jaloesie en selfsug is nie wysheid wat van God af kom nie. Dit is eerder aards, tipies van iemand se sondige natuur. Eintlik is dit demonies, want waar jaloesie en selfsugtige ambisie is, dáár sal jy ook wanorde en allerhande gemene dade kry. Maar die wysheid wat van Bo kom, is in die eerste plek suiwer. Verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam. Dit is bereid om ontferming te betoon, en het goeie gevolge. Dit diskrimineer nooit en is altyd opreg."**

**4.1.** Ons moet toelaat dat God ons harte ondersoek en ons werklike motiewe blootstel.
**4.2.** Ons moet eerlik met onsself wees oor wat in ons hart aangaan.
**4.3.** Laat die Heilige Gees die woord gebruik om jou motief skoon te was.
**4.4.** As ons harte in lyn kom met God, word sy begeertes ons begeertes. Sy liefde vir ons sal dan ons motiewe begin skoon was.

**1 Korintiërs 16:14 "Doen alles wat julle doen met liefde."**

**5. DIE RESULTAAT VAN MOTIVERING SAL ONS MOTIVEER.**

**5.1.** Die resultaat van motivering is sukses.

**Josua 1:5-7 "Jou hele lewe lank sal niemand jou kan oorwin nie. Ek sal by jou wees soos Ek by Moses was. Ek sal jou nooit in die steek laat of jou alleen los nie. Wees sterk, vertrou My blindelings. Jy is die leier wat hierdie volk die land moet inlei wat Ek met 'n plegtige belofte aan hulle voorouers beloof het. Wees sterk. Vertrou My met alles in jou. Maak seker dat jy al die wette nakom wat Moses vir jou gegee het. Gehoorsaam selfs die heel kleinste voorskrifte, dan sal jy suksesvol wees in alles wat jy ook al aanpak."**

**Gesprek Gits**
**Versnelde Sukses: Motivering**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Wat het God in jou hart geplaas wat jou motiveer en jou opgewonde maak?
2. Nehemia moes 'n muur herbou. Wat is jou muur? Wat vra God jou om te doen vir Hom.
3. Hoekom wil jy suksesvol wees? As jy rêrig eerlik moet wees, is dit genade of gierigheid wat jou motiveer?